BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

'TGAWE OP GESAG. PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Maandag, 6 November 1967 WINDHOEK Monday, 6 November 1967 Nr. 2833

INHOUD CONTENTS *Bladsy/Page*

NTWERPORDONNANSIES

Ontwerpordonnansie op die Geldigmaking van Reëls van die Hof 1967 1964

Munisipale Wysigingsontwerpordonnansie 1967 . . 1966

Wysigingsontwerpordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1967 1972

DRAFT ORDINANCES

Rules of Court (Validation) Draft Ordinance, 1967 . 1965

Municipal Amendment Draft Ordinance, 1967 . . 1967

Townships and Division of Land Amendment Draft Ordinance, 1967 1973

ONTWERPORDONNANSIE

Ter geldigmaking van die reëls van die hof ingevolge die Ordonnansie op Landdroshowe 1963, gepubliseer by Goewermentskennisgewing 107 op die eerste dag van Julie 1965, die vyftiende dag van Julie 1965 en die tweede dag van Augustus 1965 in die *Offisiële Koerant;* ter geldigmaking van optrede ingevolge die reëls van die hof vervat in die Tweede Bylae by die Magistraatshowe Proklamasie 1935 in die tydperk van die eerste dag van September 1965 tot die datum van inwerkingtreding van hierdie ordonnansie en ter herroeping van die laasgenoemde reëls van die hof.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Geldigmaking van reëls van die hof en van optrede ingevolge sekere reëls van die hof en herroeping van sekere reëls van die hof.

1. (1) Die publikasie van die reëls van die hof ingevolge die Ordonnansie op Landdroshowe 1963 (Ordonnansie 29 van 1963) by Goewermentskennisgewing 107 van die eerste dag van Julie 1965, die vyftiende dag van Julie 1965 en die tweede dag van Augustus 1965 in die *Offisiële Koerant* word beskou as publikasie in nakoming van die bepalings van artikel 24 (3) van die bogenoemde ordonnansie, en sodanige reëls van die hof word hierby geldig gemaak met ingang van die eerste dag van September 1965.

(2) Elke optrede gedoen of na bedoeling gedoen ingevolge die reëls van die hof vervat in die Tweede Bylae by die Magistraatshowe Proklamasie 1935 (Proklamasie 31 van 1935) in die tydperk van die eerste dag van September 1965 tot die datum van inwerkingtreding van hierdie ordonnansie word hierby geldig gemaak.

(3) Die reëls van die hof genoem in subartikel (2) word hierby herroep.

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Ordonnansie op die Geldigmaking van Reëls van die Hof 1967.

DRAFT ORDINANCE

To validate the rules of court under the Magistrates' Courts Ordinance, 1963 published by Government Notice 107 on the first day of July, 1965, the fifteenth day of July, 1965 and the second day of August, 1965 in the *Official Gazette;* to validate action taken in terms of the rules of court contained in the Second Schedule to the Magistrates' Courts Proclamation, 1935 during the period from the first day of September, 1965 to the date of commencement of this ordinance and to repeal the last-mentioned rules of court.

BE IT ORDAINED by the Legislative Asembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Validation of rules of court and of action taken under certain rules of court and repeal of certain rules of court.

1. (1) The publication of the rules of court under the Magistrates' Courts Ordinance, 1963 (Ordinance 29 of 1963) by Government Notice 107 on the first day of July, 1965, the fifteenth day of July, 1965 and the second day of August, 1965 in the *Official Gazette* shall be deemed to have been so published in compliance with the provisions of section 24 (3) of the above-mentioned ordinance and such rules of court are hereby validated with effect from the first day of September, 1965.

(2) Any action taken or purported to have been taken in terms of the rules of court contained in the Second Schedule to the Magistrates' Courts Proclamation, 1935 (Proclamation 31 of 1935) during the period from the first day of September, 1965 to the date of commencement of this ordinance, is hereby validated.

(3) The rules of court mentioned in sub-section (2) are hereby repealed.

Short title.

2. This ordinance shall be called the Rules of Court (Validation) Ordinance, 1967.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963 om voorsiening te maak vir die betaling van toelaes aan raadslede en ampsdraers van die raad van enige munisipaliteit; om in artikel 233 te bepaal dat dit 'n voorwaarde is van elke lening toegestaan ingevolge daardie artikel aan enigiemand deur die raad van enige munisipaliteit vir die doel van 'n behuisingskema, dat so iemand geen woning opgerig deur middel van sodanige lening binne 'n tydperk bepaal in daardie artikel mag verkoop of andersins vervreem nie tensy sodanige woning eers aan sodanige raad te koop aangebied is teen 'n prys bepaal in daardie artikel; om voorsiening te maak vir die maak van regulasies ter bereiking van die doelstellings van artikel 233; om voorsiening te maak vir die maak van regulasies ten opsigte van die verbod op die oprigting van, en voorsiening vir die herstel, verandering, verwydering of sloping deur die eienaar, of deur die raad op koste van die eienaar, van geboue wat onooglik, gevaarlik, ongesond, onhigiënies, aanstootlik, ongeskik of daarop bereken is om ergenis aan die inwoners van die omgewing te veroorsaak en vir die maak van regulasies ten opsigte van die verbod op en beheer oor die ophoping, storting of plasing op enige grond of perseel van vullis of afvalmateriaal, in-onbruik geraakte voertuie en masjinerie en in-onbruik geraakte onderdele van voeruite en masjinerie en die verwydering en wegdoening van sodanige vullis, afvalmateriaal, in-onbruik geraakte voertuie en masjinerie en in-onbruik geraakte onderdele van voertuie en masjinerie.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 147 van Ordonnansie 13 van 1963.

1. (1) Artikel 147 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die onderstaande subartikel te vervang:—

„(6) (a) Die raad kan sodanige toelaes aan die burgemeester, lede van die bestuurskomitee en ander ampsdraers van die raad en aan die raadslede betaal soos die Administrateur van tyd tot tyd bepaal, onderhewig aan die voorwaardes wat hy voorskryf, en by die bepaling van sodanige toelaes kan die Administrateur onderskei tussen die raadslede van verskillende munisipaliteite en tussen die ampsdraers van verskillende rade en tussen verskillende ampsdraers van enige raad.

(b) Enige toelae betaalbaar aan so 'n ampsdraer ingevolge paragraaf (a) of enige regulasie gemaak ingevolge paragraaf (c) —

(i) is betaalbaar benewens enige toelae betaalbaar aan sodanige ampsdraer as raadslid;

(ii) kan met die goedkeuring van die Administrateur betaalbaar wees benewens enige ander toelae aan sodanige ampsdraer betaalbaar ten opsigte van enige ander amp wat hy as ampsdraer van die raad beklee.

(c) Nieteenstaande die bepalings van para-

DRAFT ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963 to provide for the payment of allowances to councillors and office bearers of the council of any municipality; to provide in section 233 that it shall be a condition of every loan granted in terms of that section to any person by the council of any municipality for the purpose of a housing scheme, that such person shall not sell or otherwise alienate any dwelling constructed by means of such loan within a period fixed in that section unless such dwelling has first been offered for sale to such council at a price determined in that section; to provide for the making of regulations in order that the objects of section 233 may be achieved; to provide for the making of regulations for prohibiting the erection of, and providing for the repair, alteration, removal or demolition by the owner or by the council at the cost of the owner, of buildings which are unsightly, dangerous, unhealthy, insanitary, objectionable, unsuitable or calculated to cause annoyance to the inhabitants of the neighbourhood, and for the making of regulations for prohibiting and controlling the accumulation, dumping or placing on any ground or premises of refuse or waste material, disused vehicles and machinery and disused parts of vehicles and machinery and the removal and disposal of such refuse, waste material, disused vehicles and machinery and disused parts of vehicles and machinery.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 147 of Ordinance 13 of 1963.

1. (1) Section 147 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) hereinafter referred to as the principal ordinance, is hereby amended by the substitution for sub-section (6) of the following sub-section:—

"(6) (a) The council may pay such allowances to the mayor, members of the Management Committee and other office bearers of the council and the councillors as the Administrator may, from time to time, determine, subject to such conditions as he may prescribe, and in so determining such allowances the Administrator may differentiate between the councillors of different municipalities and between the office bearers of different councils and between different office bearers of any council.

(b) Any allowance payable to any such office bearer in terms of paragraph (a) or any regulation made in terms of paragraph (c) —

(i) shall be payable in addition to any allowance payable to such office bearer as councillor;

(ii) may be payable, with the approval of the Administrator, in addition to any other allowance payable to such office bearer in respect of any other office held by him as office bearer of the council.

(c) Notwithstanding the provisions of para-

regulasies maak ter voorskrywing en regulering van —

(i) die toelaes betaalbaar deur die raad aan die burgemeester, lede van die bestuurskomitee en ander ampsdraers van die raad en die raadslede;

(ii) die voorwaardes waarop enige sodanige toelae betaalbaar is;

(iii) die wyse waarop enige sodanige toelae betaalbaar is;

(iv) enige saak wat verband hou met die betaling van so 'n toelae.

(d) Verskillende regulasies kan ingevolge paragraaf (c) gemaak word ten opsigte van die raadslede van verskillende munisipaliteite of die ampsdraers van verskillende rade of ten opsigte van verskillende ampsdraers van 'n raad.

(e) Geen toelae betaalbaar ingevolge hierdie subartikel is onderhewig aan ouditering wat betref die besteding daarvan deur die ontvangers nie.

(f) Die raad kan versekeringsdekking verskaf vir enige raadslid ten opsigte van liggaamlike besering, verminking of dood wat regstreeks spruit uit 'n ongeluk wat uit en in die loop van die verrigting van sy amptelike pligte ontstaan."

(2) Subartikel (1) word beskou as in werking met ingang van die eerste dag van Julie 1967 en aan enige regulasies gemaak ingevolge artikel 147 (6) van die hoofordonnansie kan terugwerkende krag van sodanige datum verleen word.

Wysiging van artikel 233 van Ordonnansie 13 van 1963.

2. Artikel 233 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur die vervanging van paragrawe (a), (b), (c) en (d) van subartikel (4) deur die volgende paragrawe:—

„(a) Dit is 'n voorwaarde van elke lening wat ingevolge subartikel (1) aan iemand toegestaan word dat, al is die totale bedrag van die lening tesame met al die rente daarop terugbetaal en die verband wat bedoelde lening verseker het weens die terugbetaling gekanselleer, so iemand of sy regsopvolgers geen woning wat deur middel van sodanige lening opgerig is binne 'n tydperk bepaal ingevolge paragraaf (c) mag verkoop of andersins mag vervreem nie tensy die woning eers aan die betrokke raad te koop aangebied is teen 'n prys bepaal ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (d).

(b) So 'n aanbod moet skriftelik geskied en die raad moet dit binne sestig dae na ontvangs aanneem of verwerp.

(c) Die tydperk bedoel in paragraaf (a) begin op die datum van die registrasie van die betrokke verband en word bereken op die basis van een kwart van die tydperk waarin die lening toegestaan ingevolge subartikel (1) terugbetaal moet word: Met dien verstande dat 'n kwart van 'n jaar beskou word as drie kalendermaande: Met dien verstande voorts dat as die tydperk waarin die betrokke lening terugbetaal moet word ingevolge die voorwaardes van 'n behuisingskema verleng of verkort word, die tydperk bedoel in paragraaf (a) ingevolge genoemde basis verleng of verkort moet word.

(d) Die prys bedoel in paragraaf (a) word bepaal ten tyde van die registrasie van die betrokke verband en moet die werklike koste van die grond wat sodanige verband verseker en die

time, make regulations prescribing and regulating —

(i) the allowances payable by the council to the mayor, members of the Management Committee and other office bearers of the council and the councillors;

(ii) the conditions subject to which any such allowance is payable;

(iii) the manner in which any such allowance is payable;

(iv) any matter incidental to the payment of any such allowance.

(d) Different regulations may be made in terms of paragraph (c) in respect of the councillors of different municipalities or the office bearers of different councils or in respect of different office bearers of any council.

(e) Any allowance payable in terms of this sub-section shall not be subject to audit as to spending by the recipients.

(f) The council may provide insurance cover for any councillor in respect of bodily injury, disablement or death resulting directly from an accident arising out of and in the course of the performance of his official duties."

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the 1st day of July, 1967 and any regulations made under section 147 (6) of the principal ordinance may be given retrospective effect from such date.

Amendment of section 233 of Ordinance 13 of 1963.

2. Section 233 of the principal ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraphs (a), (b), (c) and (d) of sub-section (4) of the following paragraphs: —

"(a) It shall be a condition of every loan granted in terms of sub-section (1) to any person, that, notwithstanding the fact that the total amount of the loan, together with all interest thereon, has been repaid and that the mortgage bond which secured such loan has been cancelled by reason of such repayment, such person or his successors in title shall not sell or otherwise alienate any dwelling constructed by means of such loan within a period fixed in terms of paragraph (c) unless such dwelling has first been offered for sale to the council concerned at a price determined in accordance with the provisions of paragraph (d).

(b) Any such offer shall be made in writing and shall be accepted or rejected by the council within sixty days after receipt thereof.

(c) The period referred to in paragraph (a) shall commence on the date of registration of the mortgage bond concerned and shall be calculated on the basis of one quarter of the period within which the loan granted in terms of sub-section (1) is to be repaid: Provided that any quarter of a year shall be regarded as three calendar months: Provided further that if the period within which the loan in question is to be repaid is increased or decreased in terms of the conditions of any housing scheme, the period referred to in paragraph (a) shall be increased or decreased in terms of the said basis.

(d) the price referred to in paragraph (a) shall be determined at the time of registration of the mortgage bond concerned and shall be the actual cost of the land which secures such

ings op sodanige grond wees: Met dien verstande dat as daar enige permanente verbeterings aangebring word na die registrasie van die bedoelde verband, die waarde van sodanige verbeterings soos bepaal deur 'n waardeerder aangestel deur die raad, min sodanige waardevermindering, maar hoogstens vyf persent, soos die bedoelde waardeerder bepaal, bygevoeg moet word by die prys wat ten tyde van die registrasie van bedoelde verband bepaal is en sodanige nuwe prys in die prys bedoel in paragraaf (a).";

(b) deur die skrapping van paragraaf (e) van subartikel (4);

(c) deur die skrapping in subartikel (5) (c) (iii) van die woorde „paragraaf (c) van".

Invoeging van artikel 233A in Ordonnansie 13 van 1963.

3. Die onderstaande artikel word hierby na artikel 233 van die hoofordonnansie ingevoeg —

„Regulasies vir die doeleindes van artikel 233.

233A (1) Die Administrateur kan enige regulasies wat hy nodig of dienstig ag, maak ter bereiking van die doelstellings van artikel 233.

(2) Enige regulasie gemaak ingevolge subartikel (1) kan vir enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen strawwe voorskryf wat nie 'n boete van twee honderd rand of gevangenisstraf van ses maande oorskry nie.

Wysiging van artikel 242 van Ordonnansie 13 van 1963 soos gewysig by artikel 18 van Ordonnansie 13 van 1967.

4. Artikel 242 van die hoofordonnansie word hierby gewysig:—

(a) deur in subartikel (9) (o) die woorde „strukture (uitgesonderd geboue)" deur die woord „geboue" te vervang en die woorde „om eiendomme in die omtrek in waarde te laat verminder of" te skrap;

(b) deur na paragraaf (h) van subartikel (30) die volgende paragraaf in te voeg:—

„(i) die verbod op en beheer oor die ophoping, storting of plasing op enige grond of perseel van vullis, afvalmateriaal, in-onbruikgeraakte voertuie en masjinerie en in-onbruikgeraakte onderdele van voertuie en masjinerie en die verwydering en wegdoening van sodanige vullis, afvalmateriaal, in-onbruikgeraakte voertuie en masjinerie en in-onbruikgeraakte onderdele van voertuie en masjinerie.

Kort titel.

5. Hierdie ordonnansie heet die Munisipale Wysigingsordonnansie 1967.

provements on such land: Provided that if any permanent improvements are effected after registration of the said bond, the value of such improvements as determined by a valuator appointed by the council less such depreciation not exceeding five per centum as the said valuator determines, shall be added to the price determined at the time of registration of the said bond and such new price shall be the price referred to in paragraph (a)";

(b) by the deletion of paragraph (e) of sub-section (4);

(c) by the deletion in sub-section (5) (c) (iii) of the words "paragraph (c) of".

Insertion of section 233A in Ordinance 13 of 163.

3. The following section is hereby inserted after section 233 of the principal ordinance:—

"Regulations for the purposes of section 233.

233A (1) The Administrator may make any regulations which he deems necessary or expedient in order that the objects of section 233 may be achieved.

(2) Any regulation made under sub-section (1) may prescribe penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, not exceeding a fine of two hundred rand or imprisonment for a period of six months."

Amendment of section 242 of Ordinance 13 of 1963 as amended by section 18 of Ordinance 13 of 1967.

4. Section 242 of the principal ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution in sub-section (9) (o) for the words "structures (not being buildings)" of the word "buildings" and the deletion of the words "to depreciate properties in the locality or";

(b) by the insertion after paragraph (h) of sub-section (30) of the following paragraph:—

(i) prohibiting and controlling the accumulation, dumping or placing on any ground or premises of refuse, waste material, disused vehicles and machinery and disused parts of vehicles and machinery and the removal and disposal of such refuse waste material, disused vehicles and machinery and disused parts of vehicles and machinery;

Short title.

5. This ordinance shall be called the Municipal Amendment Ordinance 1967.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963, om die woordbepaling van die uitdrukking „openbare plek" te vervang en om die woordbepaling van die uitdrukking „vroeëre wet" in te voeg; om in artikel 5 te bepaal dat kennis gegee moet word dat 'n aansoek om toestemming tot die stigting van 'n dorp ter insae lê vir inspeksie by die kantoor van die Landmeter-generaal en op sodanige ander plekke soos in sodanige kennisgewing gemeld word; om in artikel 13 te bepaal dat die proklamasie wat 'n gebied tot 'n goedgekeurde dorp verklaar in 'n bylae daarby die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, uiteen moet sit; om in artikel 22 te bepaal dat wanneer die Administrateur 'n eienaar of huurder van grond verbied het om 'n gebou op sodanige grond op te rig, 'n afskrif van sodanige verbod ingedien moet word by die Registrateur van Aktes wat 'n aantekening van sodanige verbod in sy registers laat maak en dit laat endosseer op die betrokke titelbewys; om te bepaal dat voorwaardes gestel deur die Administrateur ingevolge die genoemde ordonnansie of enige ander wet afgedwing kan word en om strawwe te bepaal vir nie-nakoming van sodanige voorwaardes; om voorsiening te maak vir die verandering van enige voorwaardes gestel ingevolge die genoemde ordonnansie of enige vroeëre wet en vir die rojering deur die Registrateur van Aktes van enige sodanige voorwaardes; om te bepaal dat gelde voorgeskryf ingevolge die genoemde ordonnansie deur die Administrateur in die Inkomstefonds van die Gebied gestort word en om voorsiening te maak vir verbandhoudende sake.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 11 van 1963.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling (Ordonnansie 11 van 1963) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig —

(a) deur die vervanging van die woordbepaling van „openbare plek" deur die volgende woordbepaling:—

„(vii) ‚openbare plek' ook enige straat, pad, steeg, laan, deurgang, sanitêre deurloop, park, ontspannings- of sportgrond, plein of ander oop ruimte —

(a) wat as sodanig op 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp soos op lias in die Aktekantoor of die kantoor van die Landmeter-generaal aangedui word; of

(b) wat voorgestel word deur 'n kaart aangeheg by 'n akte wat dit as 'n openbare plek oordra aan 'n plaaslike bestuur ingevolge enige onderverdeling van grond; of

(c) waarop die publiek 'n gemeenskaplike reg verkry het of te eniger tyd kan verkry;";

(b) deur die invoeging na die woordbepaling van „voor-

DRAFT ORDINANCE

To amend the Townships and Division of Land Ordinance 1963, to redefine the expression "public place" and to define the expression "prior law"; to provide in section 5 that notice shall be given that an application for permission to establish a township is open for inspection at the office of the Surveyor-General and at such other places as may be stated in such notice; to provide in section 13 that the proclamation which declares an area to be an approved township shall set forth in a schedule thereto the conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted; to provide in section 22 that when the Administrator has prohibited an owner or lessee of land from erecting any building on such land, a copy of such prohibition shall be lodged with the Registrar of Deeds who shall cause a note of such prohibition to be made in his registers and to be endorsed on the title deed concerned; to provide that conditions imposed by the Administrator in terms of the said ordinance or any other law may be enforced and to provide penalties for non-compliance with such conditions; to provide for the variation of any conditions imposed in terms of the said ordinance or any prior law and for the cancellation by the Registrar of Deeds of any such conditions; to provide that fees prescribed in terms of the said ordinance shall be paid by the Administrator into the Territory Revenue Fund and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ODRAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

Amendment of section 1 of Ordinance 11 of 1963.

1. Section 1 of the Townships and Division of Land Ordinance 1963 (Ordinance 11 of 1963) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

(a) by the substitution for the definition of "public place" of the following definition:—

"(vii) 'public place' includes any street, road, lane, avenue, thoroughfare, sanitary passage, park, recreation or sports ground, square or other open space —

(a) which is shown as such on a general plan of an approved township, as filed in the Deeds Registry or the Surveyor-General's Office; or

(b) which is represented by a diagram annexed to a deed conveying it as a public place to a local authority in pursuance of any sub-division of land; or

(c) to which the public have acquired or at any time may acquire a common right;";

(b) by the insertion after the definition of "prescribed"

„(viiiA) ‚vroeëre wet' die Dorpen Proklamatie 1920 (Proklamasie 68 van 1920) en die Dorpe-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928);".

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 11 van 1963.

2. Artikel 5 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur die vervanging van subartikel (5) deur die volgende subartikel:—

„(5) By ontvangs van die aansoek verwys die Administrateur dit na die raad ter oorweging en verslagdoening en daarop publiseer die raad onverwyld 'n kennisgewing een keer in die *Offisiële Koerant* en een keer in sodanige nuusblad of nuusblaaie soos die raad goedvind, dat so 'n aansoek geskied het en by die kantoor van die Landmeter-generaal en by sodanige ander plekke (as daar is) soos in sodanige kennisgewing vermeld, ter insae lê.";

(b) deur die vervanging van subartikel (6) deur die volgende subartikel:—

„(6) Elkeen wat beswaar het teen die toestaan van die aansoek of wat daaroor verhoor wil word of vertoë daaroor wil rig, kan skriftelik met die raad in verbinding tree of kan getuienis voor die raad aflê op die datum en plek bepaal deur die raad in die kennisgewing bedoel in subartikel (5): Met dien verstande dat elk so 'n skriftelike medeling die raad moet bereik uiterlik een maand van die datum van publikasie van sodanige kennisgewing.";

(c) deur die skrapping van subartikel (9).

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 11 van 1963.

3. Artikel 6 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die skrapping van subartikel (5).

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 11 van 1963.

4. Artikel 13 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die byvoeging aan die slot daarvan van die woorde „en sodanige proklamasie moet in 'n bylae daarby die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, uiteengesit.".

Wysiging van artikel 17 van Ordonnansie 11 van 1963.

5. Artikel 17 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van die woorde „die Dorpen Proklamatie 1920 (Proklamasie 68 van 1920) of ingevolge die bepalings van hierdie of enige ander ordonnansie" deur die woorde „hierdie ordonnansie of enige vroeëre wet" en deur die vervanging van die woorde „die genoemde proklamasie" deur die woorde „die Dorpen Proklamatie 1920 (Proklamasie 68 van 1920)".

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 11 van 1963.

6. Artikel 19 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur die skrapping in subartikel (1) van die woorde „of van 'n stuk grond geleë binne die dorpsgrond van 'n goedgekeurde dorp";

(b) deur die skrapping van subartikels (11) en (12),

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 11 van 1963.

7. Artikel 20 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die skrapping van subartikels (7) en (8).

Wysiging van artikel 22 van Ordonnansie 11 van 1963.

8. Artikel 22 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende subartikel:—

„(4) Wanneer die Administrateur ingevolge subartikel (1) 'n eienaar of huurder van grond verbied het om enige gebou of geboue op sodanige grond op te rig, moet 'n afskrif van sodanige verbod ingedien word by die Registrateur van Aktes wat 'n aantekening van sodanige verbod in sy registers moet laat maak en laat endosseer op die kantoorafskrif

"(viiiA) 'prior law' means the Townships Proclamation, 1920 (Proclamation 68 of 1920) and the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928);".

Amendment of section 5 of Ordinance 11 of 1963.

2. Section 5 of the principal ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for sub-section (5) of the following sub-section:—

"(5) The Administrator shall upon receipt thereof refer the application to the Board for consideration and report, and the Board shall forthwith publish once in the *Official Gazette* and once in such newspaper or newspapers as it may deem fit, a notice that such application has been made and is open for inspection at the office of the Surveyor-General and at such other places (if any) as may be stated in such notice".;

(b) by the substitution for sub-section (6) of the following sub-section:—

"(6) Any person who objects to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter may communicate in writing with the Board or may give evidence before the Board on the date and at the place stipulated by the Board in the notice referred to in sub-section (5): Provided that any such written communication shall be in the hands of the Board not later than one month as from date of publication of such notice.";

(c) by the deletion of sub-section (9).

Amendment of section 6 of Ordinance 11 of 1963.

3. Section 6 of the principal ordinance is hereby amended by the deletion of sub-section (5).

Amendment of section 13 of Ordinance 11 of 1963.

4. Section 13 of the principal ordinance is hereby amended by the addition at the end thereof of the words "and such proclamation shall set forth in a schedule thereto the conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted".

Amendment of section 17 of Ordinance 11 of 1963.

5. Section 17 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "the Townships Proclamation, 1920 (Proclamation 68 of 1920), or under the provisions of this or any other Ordinance" of the words "this Ordinance or any prior law" and by the substitution for the words "the said proclamation" of the words "the Townships Proclamation, 1920 (Proclamation 68 of 1920)".

Amendment of section 19 of Ordinance 11 of 1963.

6. Section 19 of the principal ordinance is hereby amended —

(a) by the deletion in sub-section (1) of the words "or of any piece of land situated within the townlands of any approved township";

(b) by the deletion of sub-sections (11) and (12).

Amendment of section 20 of Ordinance 11 of 1963.

7. Section 20 of the principal ordinance is hereby amended by the deletion of sub-sections (7) and (8).

Amendment of section 22 of Ordinance 11 of 1963.

8. Section 22 of the principal ordinance is hereby amended by the addition of the following sub-section:—

"(4) When the Administrator has, in terms of sub-section (1), prohibited an owner or lessee of land from erecting any building or buildings on such land, a copy of such prohibition shall be lodged with the Registrar of Deeds, who shall cause a note of such prohibition to be made in his registers and to be endorsed on the office copy of the title deed

like van sodanige titelbewys te eniger tyd in sy aktekantoor vir enige doel ingedien word, moet hy 'n soortgelyke aantekening daarop laat endosseer.".

Wysiging van artikel 30 van Ordonnansie 11 van 1963.

9. Artikel 30 (2) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van die woorde „ten gunste van" deur die woord „deur" en deur die vervanging van die woord „ander" waar dit die eerste keer voorkom deur die woord „vroeëre".

Vervanging van artikel 31 van Ordonnansie 11 van 1963.

10. Artikel 31 van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Voorwaardes gestel, kan afgedwing word en strawwe weens nie-nakoming van sodanige voorwaardes opgelê word.

31 (1) As die Administrateur voorwaardes ingevolge hierdie ordonnansie of enige ander wet gestel het —

(a) ten opsigte van grond geleë binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur, kan sodanige plaaslike bestuur nakoming van sodanige voorwaardes afdwing; of

(b) ten opsigte van grond geleë buite so 'n gebied, kan die Administrateur nakoming van sodanige voorwaardes afdwing.

(2) Elkeen wat enige van die voorwaardes bedoel in subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.".

Invoeging van artikels 31A en 31B in Ordonnansie 11 van 1963.

11. Die volgende artikels word hierby na artikel 31 van die hoofordonnansie ingevoeg:—

„Verandering van voorwaardes ingevolge hierdie ordonnansie of enige vroeëre wet.

31A (1) Die Administrateur kan, op aansoek deur die eienaar van grond waarvan die titelbewys onderhewig is aan voorwaardes gestel ingevolge hierdie ordonnansie of enige vroeëre wet, sodanige voorwaardes verander deur enige sodanige voorwaardes te wysig, te vervang of te skrap of verdere voorwaardes by sodanige voorwaardes te voeg: Met dien verstande dat —

(a) die Administrateur, voordat hy enige voorgestelde verandering maak, kan vereis dat openbare kennisgewing daarvan soos hy nodig vind, geskied;

(b) die Administrateur die saak na die raad verwys voordat hy sodanige verandering maak;

(c) as sodanige grond binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is, die raad, voordat hy enige aanbeveling doen by die Administrateur, die saak na sodanige plaaslike bestuur vir sy kommentaar verwys;

(d) as sodanige grond geleë is binne 'n gebied waarop 'n skema goedgekeur ingevolge die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) van toepassing is, die Administrateur geen sodanige verandering maak wat indruis teen enige bepaling van daardie skema nie.

(2) Die Administrateur kan, op aansoek deur 'n dorpseienaar, die voorwaardes uiteengesit in die bylae by 'n proklamasie uitgereik ingevolge artikel 13 ten opsigte van die betrokke dorp, verander deur enige sodanige voorwaardes te wysig, te vervang of te skrap of verdere voorwaardes by sodanige voor-

title deed is lodged in his registry for any purpose, he shall cause a similar note to be endorsed thereon."

Amendment of section 30 of Ordinance 11 of 1963.

9. Section 30 (2) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "in favour of" of the word "by" and by the substitution for the word "other" of the word "prior".

Substitution of section 31 of Ordinance 11 of 1963.

10. The following section is hereby substituted for section 31 of the principal ordinance:—

"Conditions imposed may be enforced and penalties for non-compliance with conditions imposed.

31 (1) If the Administrator has imposed conditions in terms of this ordinance or any other law —

(a) in respect of land situated within the area of jurisdiction of a local authority, such local authority may enforce compliance with such conditions; or

(b) in respect of land situated outside such an area, the Administrator may enforce compliance with such conditions.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with any of the conditions mentioned in sub-section (1) shall be guilty of an offence and shall be liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding six months."

Insertion of sections 31A, and 31B in Ordinance 11 of 1963.

11. The following sections are hereby inserted after section 31 of the principal ordinance:—

"Variation of conditions in terms of this Ordinance or any prior law.

31A (1) The Administrator may, on application by the owner of any land, the title deeds of which are subject to conditions, imposed in terms of this ordinance or any prior law, vary such conditions, by amending, substituting or deleting any such conditions or by adding further conditions to such conditions: Provided that —

(a) the Administrator may, before making any proposed variation, require public notification thereof to be given as he may deem necessary;

(b) the Administrator shall refer the matter to the Board before making such variation;

(c) if such land is situated within the area of jurisdiction of a local authority, the Board shall before making any recommendation to the Administrator, refer the matter to such local authority for its comments;

(d) if such land is situated within an area to which a scheme approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) applies, the Administrator shall not make any such variation which is in conflict with any of the provisions of that scheme.

(2) The Administrator may, on the application of a township owner, vary the conditions set forth in the schedule to a proclamation issued in terms of section 13 in respect of the township concerned, by amending, substituting or deleting any such conditions or by adding further conditions to such

(a) die bepalings van die voorbehoud by subartikel (1) *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van sodanige aansoek; en

(b) die maak van enige verandering aan enige sodanige voorwaardes ingevolge hierdie subartikel, tesame met besonderhede oor sodanige verandering, deur die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak moet word.

Rojering deur Registrateur van Aktes van gestelde voorwaardes.

31B. Nieteenstaande andersluidende bepalings in enige ander wet kan die Registrateur van Aktes, met die skriftelike goedkeuring van die Administrateur en by betaling van enige regte of gelde voorgeskryf by die Registrasie van Aktes Proklamasie 1939 (Proklamasie 37 van 1939) enige voorwaarde wat ingevolge hierdie ordonnansie of enige vroeëre wet in 'n akte van transport of titelsertifikaat ingevoeg is of op 'n titelbewys geendosseer is, deur endossement rojeer."

Wysiging van artikel 36 van Ordonnansie 11 van 1963.

12. Artikel 36 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die byvoeging daarby van die volgende subartikel; die huidige artikel word nou subartikel (1):—

„(2) Enige gelde voorgeskryf ingevolge subartikel (1) (c) word by betaling deur die Administrateur in die Inkomstefonds van die Gebied gestort."

Kort titel.

13. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1967.

(a) the provisions of the proviso to sub-section (1) shall *mutatis mutandis* apply in respect of such application; and

(b) the making of any variation of any such conditions in terms of this sub-section, together with particulars of such variation, shall be notified by the Administrator by proclamation in the *Official Gazette*.

Cancellation by Registrar of Deeds of conditions imposed.

31B. Nothwithstanding anything to the contrary in any other law contained, the Registrar of Deeds may, with the written approval of the Administrator and upon payment of any duty or fee prescribed by the Deeds Registry Proclamation, 1939 (Proclamation 37 of 1939), cancel by endorsement any conditions which has, in terms of this ordinance or any prior law, been inserted in a deed of transfer or certificate of title or endorsed upon a title deed"."

Amendment of section 36 of Ordinance 11 of 1963.

12. Section 36 of the principal ordinance is hereby amended by the addition thereto of the following sub-section, the existing section becoming sub-section (1):—

(2) Any fees prescribed in terms of sub-section (1) (c) shall upon payment, be paid by the Administrator into the Territory Revenue Fund.".

Short title.

13. This ordinance shall be called the Townships and Division of Land Amendment Ordinance 1967.